

Abraham se geloof



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Genesis 15:6; II Samuel 11, 12; Romeine 3:20, 31; 4:1–17; Galasiërs 3:21–23; I Joh. 3:4.

Geheetekst:

“Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet” (*Rom. 3:31*).

In baie opsigte reik Romeine 4 tot by die fondament van die Bybelse leerstelling van verlossing deur geloof alleen, en tot by die kern van dit wat die Hervorming begin het. Weliswaar, 500 jaar gelede hierdie week, het dit by Luther begin, en getroue Protestante het nooit weer teruggekyk nie. Deur Abraham – die toonbeeld van heiligheid en eerbaarheid – as voorbeeld te gebruik as iemand wat deur genade sonder die werke van die wet gered moes word, het Paulus geen ruimte vir sy lesers gelaat om dit verkeerd te verstaan nie. Indien die beste een se werke en wetsonderhouding nie genoeg was om hom te regverdig voor God nie, watter hoop het enigiemand anders? As dit deur genade vir Abraham was, moet dit dieselfde vir al die ander ook wees, vir Jode en vir nie-Jode. In Romeine 4 stel Paulus drie hoof-aspekte van die plan van verlossing bekend: (1) die belofte van Goddelike seën (die belofte van genade), (2) die mens se reaksie op daardie belofte (die reaksie deur geloof), en (3) die Goddelike uitspraak van geregtigheid wat aan hulle wat glo, toegeskryf word (regverdiging). Dit is hoe dit vir Abraham gewerk het, en dit is hoe dit vir ons werk. Dit is uiters belangrik om te onthou dat vir Paulus, verlossing deur genade plaasvind; dit is iets wat aan ons gegee word, hoe min ons dit ook al verdien. As ons dit verdien het, dan sou dit aan ons verskuldig gewees het, en as dit aan ons verskuldig was, dan sou dit nie meer ‘n gawe gewees het nie. En vir wesens wat korrup en gevalle soos ons is, moet verlossing dus ‘n gawe wees. Om sy punt oor verlossing deur genade alleen, te bewys, verwys Paulus al die pad terug na die boek van Génesis en haal Génesis 15:6 aan – “En hy het in die Here geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken” (AOV). Hier vind ons regverdiging deur geloof reeds vroeg in die Bybel.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 November.*

Die Wet

Lees Romeine 3:31. Wat wil Paulus hier beklemtoon? Hoekom is sy gevolgtrekking vir ons as Adventiste belangrik?

Hier gee Paulus uitdruklik te kenne dat geloof nie God se wet tot niet maak nie. Maar selfs hulle wat die wet gehou het, ook die hele Ou Testament se wetsgehoorsames, was nooit deur die wet gered nie. Die heilsboodskap van die Ou Testament, net soos die Nuwe Testament ook, was nog altyd ‘n boodskap van God se genade aan sondaars, deur geloof.

Lees Romeine 4:1–8. Hoe wys hierdie vers daarop dat selfs in die Ou Testament verlossing deur geloof plaasgevind het, en nie deur die werke van die wet nie?

Volgens hierdie verhaal in die Ou Testament was Abraham geregverdig omdat hy “in God geglo” het”. Dus leer ons al in die Ou Testament van regverdiging deur geloof. Daarom, enige aanduiding dat geloof die wet “tot niet maak” (Grieks vir “tot niet maak” is *katargeo*: “om onbruikbaar te maak”, “om ongeldig te verklaar”), is nie waar nie; verlossing deur geloof is geheel en al deel van die Ou Testament. Genade word dwarsdeur die Ou Testament geleer. Waaroor, byvoorbeeld, het die heiligdomdiens anders gegaan as ‘n uitbeelding van hoe sondaars gered word, nie deur hulle eie werke nie, maar deur die dood van ‘n plaasvervanger in hulle plek? Ook, wat anders kan verduidelik hoe Dawid na sy smerige verhouding met Bátseba vergewe was? Dit was sekerlik nie wetsgehoorsaamheid wat hom gered het nie, want hy het so baie beginsels van die wet oortree dat hy juis deur al sy oortredings van die wet, veroordeel was. Dit beteken dat as Dawid deur die wet gered sou kon word, dan sou hy glad nie gered kon word nie. Paulus skryf Dawid se herstel toe aan Goddelike guns, en noem dit as ‘n voorbeeld van regverdiging deur geloof. God se vergifnis was ‘n handeling van genade. Hier is dus nog ‘n voorbeeld uit die Ou Testament van geregtigheid deur geloof. Die feit is, hoe wetties baie van antieke Israel ook al geword het, die Joodse godsdiens was nog altyd ‘n godsdiens van genade. Wettiesheid was ‘n verdraaiing daarvan, nie die fondament nie.

Dink vir ‘n paar minute na oor Dawid se sonde en herstel (*II Sam. 11, 12; Ps. 51*). Watter hoop kry jy uit hierdie hartseer verhaal vir jouself? Is daar ‘n les hier oor hoe ons in die kerk diegene wat sondig, behoort te behandel?

Verdienste of Genade?

Die strydvraag waarmee Paulus hier worstel, behels baie meer as net teologie. Dit dring deur tot die kern van ons verlossing en ons verhouding met God. As iemand glo dat hy of sy aanvaarding moet verdien — dat hy of sy ‘n sekere standaard van heiligheid moet bereik voordat hulle regverdig verklaar en vergewe kan word — hoe maklik is dit nie om dan self te probeer en na jou eie werke te kyk nie? Ons godsdiens kan uitermate selfgerig wees, wat die laaste ding is wat ons nodig het. In teenstelling hiermee, as iemand die groot nuus van regverdiging as ‘n gawe van God, heeltemal onverdiend en onwaardig, insien, hoeveel makliker en meer natuurlik is dit vir daardie persoon om op God se liefde en genade in plaas van op self, te fokus? En op die ou einde, wie sal waarskynlik die liefde en karakter van God meer weerspieël – die selfgerigte of die Godgerigte een?

Lees Romeine 4:6–8. Hoe brei Paulus hier uit op die tema van regverdiging deur geloof?

“Die sondaar moet in geloof na Christus kom, vashou aan Sy verdienste, sy sondes vir die Sondedraer gee, en deur Hom skuldvergiftig ontvang. Dit was vir hierdie rede wat Christus na hierdie wêreld gekom het. En so word die geregtigheid van Christus aan die berouvolle, gelowige sondaar toegereken. Hy word ‘n lid van die koninklike familie.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 215, (vrye vertaling). Paulus gaan dan voort om te verduidelik dat verlossing deur geloof nie net vir die Jode bedoel was nie, maar ook vir die nie-Jode (*Rom. 4:9–12*). Om die waarheid te sê, as jy tegnies daarvoor wil raak, Abraham was nie ‘n Jood nie; hy was van heidense afkoms (*Jos. 24:2*). Die heidens-Joodse verskil het nie in sy tyd bestaan nie. Toe Abraham geregverdig was (*Gen. 15:6*), was hy nie eens besny nie. Daarom het Abraham die vader van beide die onbesnedenes en die besnedenes geword, wat ook ‘n goeie voorbeeld vir Paulus was om te gebruik om sy punt oor die universaliteit van verlossing tuis te bring. Christus se dood was vir almal bedoel, afgesien van ras of nasionaliteit (*Heb. 2:9*).

Met inagneming van die universaliteit van die kruis, en wat die kruis aan ons sê oor die waarde van elke mens, hoekom is rasse of etniese of nasionale vooroordeel so ‘n verskriklike onding? Hoe kan ons leer om die vooroordeel in onself te erken en, deur God se genade, ons gedagtes daarvan te reinig?

Die belofte

Vandag is dit 500 jaar gelede wat Martin Luther sy 95 stellings aan die deur van die Wittenberg Kerk vasgespyker het. Dis baie interessant dat die onderwerp vir vandag ook die kern van verlossing deur geloof aanspreek. In Romeine 4:13 word “belofte” en “wet” gekontrasteer. Paulus poog om ‘n Ou Testamentiese agtergrond vir sy leerstelling oor geregtigheid deur geloof, te vestig. As voorbeeld gebruik hy Abraham wat deur al die Jode aanvaar word as hulle stamvader. Aanvaarding of regverdiging het na Abraham sonder die wet gekom. God het ‘n belofte aan Abraham gemaak dat hy “erfgenaar van die wêreld” sou word. Abraham het hierdie belofte geglo; dit wil sê, hy het dit wat geïmagineer was, aanvaar. Die gevolg was dat God hom aanvaar het en deur hom gewerk het om die wêreld te red. Hierdie bly ‘n kragtige voorbeeld van hoe genade in die Ou Testament gefunksioneer het, en ongetwyfeld was dit die rede hoekom Paulus hierdie as voorbeeld gebruik het.

Lees Romeine 4:14–17. Hoe gaan Paulus hier voort om te toon dat verlossing deur geloof die middelpunt van die Ou Testament was? Sien ook Galásiërs 3:7–9.

Soos ons gesê het in die begin, dit is belangrik om te onthou aan wie Paulus geskrywe het. Hierdie Joodse gelowiges was deurdenk met die Ou Testament se wet, en baie het geglo dat hulle verlossing afhanklik was van hoe goed hulle die wet onderhou het, al was dit nie wat die Ou Testament geleer het nie.

Om hierdie verkeerde opvatting hok te slaan, redeneer Paulus dat Abraham, selfs voor die wet by Sinai gegee was, beloftes ontvang het, nie deur die werke van die wet nie (wat moeilik sou wees omdat die wet – die hele Tora en seremoniële sisteem – nog nie in plek was nie), maar deur geloof.

Indien Paulus hier na die sedewet wat in beginsel selfs voor Sinai bestaan het, uitsluitlik verwys, bly die punt dieselfde. Miskien des te meer so! Deur God se beloftes deur middel van die wet te probeer bekom, sê hy, maak die geloof tot niet, selfs nutteloos. Dit is kragtige woorde, maar sy argument is dat geloof red, en die wet veroordeel. Hy probeer leer dat dit nutteloos is om verlossing deur die einste ding wat tot veroordeling lei, te bekom. Ons almal, Jood en nie-Jood, het die wet oortree, en daarom het ons dieselfde nodig as wat Abraham nodig gehad het: die reddende geregtigheid van Jesus wat aan ons toegereken word deur geloof – die waarheid wat uiteindelik die Protestantse Hervorming teweeggebring het.

Wet en geloof

Soos ons gister gesien het, het Paulus getoon dat God se handelswyse met Abraham bewys het dat verlossing deur die belofte van genade gebeur, en nie deur die wet nie. Daarom, indien die Jode verlos wou word, sou hulle hul vertroue in hulle werke vir verlossing moes afsterf en die belofte aan Abraham moes aanvaar soos dit vervul was in die koms van die Messias. Dit is dieselfde vir almal, Jood of nie-Jood, wat dink dat hulle “goeie” werke al is wat nodig is om met God reg te maak.

“Die beginsel dat die mens hom deur sy eie werke kan red, vorm die grondslag van die heidense godsdienste . . . Waar dit heers, is daar geen bolwerk teen die sonde nie.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 26. Wat beteken dit? Hoekom maak die idee dat ons onself deur ons werke kan red, ons so vatbaar vir sonde?

Hoe verduidelik Paulus die verwantskap tussen wet en geloof in Galásiërs?
Gal. 3:21–23

Indien daar ‘n wet sou wees wat krag gehad het om lewe te gee, sou dit definitief God se wet gewees het. Paulus sê egter dat geen wet krag het om iemand lewend te maak nie, selfs nie God se wet nie, want almal het die wet oortree, en daarom word almal deur die wet veroordeel.

Maar die belofte van geloof soos dit ten volle deur Christus geopenbaar word, stel almal wat glo, vry daarvan om “onder die wet” te leef; d.w.s., vry van veroordeling en vry van die las om verlossing daardeur te verdien. Die wet word ‘n las wanneer dit sonder geloof, sonder genade, aangebied word, want sonder geloof, sonder genade, sonder die geregtigheid wat deur geloof ontvang word, beteken om onder die wet te wees, om onder die las en veroordeling van sonde te wees.

Hoe bepalend is geregtigheid deur geloof in jou wandel met God? Dit wil sê, wat kan jy doen om seker te maak dit word nie deur ander aspekte van waarheid verdof nie, sodat jy hierdie baie belangrike leerstelling uit die oog verloor nie? Per slot van rekening, wat beteken hierdie ander waarhede sonder hierdie een?

Die Wet en Sonde

Ons hoor dikwels hoe mense sê dat die wet deur die Nuwe Verbond afgeskaf was, en dan haal hulle teksverse aan wat, volgens hulle, hul punt bewys. Maar die logika van daardie bewering is nie goed nie, en ook nie die teologie nie.

Lees I Johannes 2:3–6, 3:4, en Romeine 3:20. Wat vertel hierdie verse ons oor die verwantskap tussen wet en sonde?

‘n Paar honderd jaar gelede het die Ierse skrywer, Jonathan Swift, die volgende geskryf: “Maar sal enigiemand kan sê dat indien die woorde drank, kul, leuens, steel, deur ‘n Wet van die Parlement uit die Engelse taal en woordeboeke verwyder sou word, sou ons dan almal die volgende môre as afskaffers, eerlik en regverdig en as liefhebbers van waarheid kon wakker word? Is dit ‘n logiese gevolgtrekking?” — Jonathan Swift, *A Modest Proposal and Other Satires* (New York: Prometheus Books, 1995), bl. 205, (vrye vertaling). Op dieselfde wyse, indien God se wet afgeskaf was, waarom is leuens, moord en steel nog sonde, en verkeerd? Indien God se wet verander was, moet die definisie van sonde ook verander word? Of, indien God se wet afgeskaf was, dan sou sonde ook nie meer bestaan het nie, en wie glo dat dit so is? (Sien ook I Johannes 1:7–10; Jakobus 1:14, 15.) In die Nuwe Testament word daar na beide die wet en die evangelie verwys. Die wet dui aan wat sonde is; die evangelie gee die oplossing vir sonde wat natuurlik die dood en opstanding van Jesus is. As daar geen wet is nie, dan is daar geen sonde nie, en waarvan word ons dan gered? Die evangelie maak net sin in die konteks van die wet, en die voortdurende geldigheid daarvan. Ons hoor dikwels dat die kruis die wet tot niet gemaak het. Dit is nogal ironies, want die kruis wys juis dat die wet nie afgeskaf of verander kon word nie. As God nie die wet afgeskaf of selfs verander het voor Christus op die kruis gesterf het nie, hoekom sou Hy dit daarna gedoen het? Hoekom was die wet nie tot niet gemaak nadat die mens gesondig het nie, om sodoende die straf wat die wet vereis het, af te weer? Dan sou Jesus nooit hoef te gesterf het nie. Jesus se dood het bewys dat, indien die wet verander of tot niet gemaak sou kon word, sou dit voor die kruis en nie daarna moes gewees het nie. Dus is daar niks wat die voortdurende geldigheid van die wet meer bewys as die dood van Jesus nie, ‘n dood wat juis gebeur het omdat die wet nie verander kon word nie. As die wet verander kon word om ons tegemoet te gekom het in ons gevalle toestand, sou dit nie ‘n beter oplossing vir die probleem van sonde gewees het as dat Jesus moes sterf nie?

As daar geen Goddelike wet teen egbreek was nie, sou die optrede minder pyn en seerkry veroorsaak het as wat dit nou die geval is met die slagoffers daarvan nie?

Hoe help jou antwoord jou om te verstaan hoekom God se wet nog geldig is? Wat was jou eie ondervinding met die gevolge van jou oortreding van God se wet?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Christ the Center of the Message”, bl. 388, in *Selected Messages*, boek 1; “Abraham Word Geroep”, bl. 122–125; “Die Wet en die Verbonde”, bl. 373-374, in *Patriarge en Profete*; “Die Bergpredikasje”, bl. 254-255; “Stryd”, bl. 513; “ ‘Dit is Volbring’ ”, bl. 643-644, in *Die Koning van die Eeue*. “Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste (*Rom. 4:4*). Die Apostel gebruik hierdie aanhaling uit Génesis (*Gén. 15:4–6*) om tot die slotsom te kom en te bewys dat regverdiging deur geloof plaasvind, en nie deur werke nie. Dit doen hy eerstens deur die betekenis van die woorde ‘dit is hom tot geregtigheid gereken’, te verduidelik. Hierdie woorde dui aan dat God (sondaars) deur genade ontvang en nie deur hulle werke nie.” — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 82, (vrye vertaling). “As Satan dit kan regkry om die mens sover te kry om sy eie werke as werke van verdienste en geregtigheid hoog op prys te stel, weet hy dat hy die mens met sy versoekings kan verlei, en van hom ‘n slagoffer en prooi kan maak . . . Bestryk die kosyne met die bloed van die Lam van Gólgota, en jy is veilig.” — Ellen G. White, *Advent Review and Sabbath Herald*, 3 Sept., 1889, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Hoekom is dit so belangrik om verlossing deur geloof alleen, sonder die werke van die wet, te verstaan? Teen watter soort dwalings kan hierdie kennis ons beskerm? Watter gevare wag op hulle wat hierdie baie belangrike Bybelse lering uit die oog verloor?
2. Watter ander redes kan jy vir die voortdurende geldigheid van God se wet gee, selfs as ons verstaan dat dit nie die wet en ons gehoorsaamheid daaraan is wat ons red nie?
3. Die fundamentele kernvraag van die Hervorming is, Hoe kan ons gered word? Op watter maniere kan ons openlik en reguit oor die verskil tussen Protestante en Katolieke wat hierdie belangrike onderwerp betref, praat, sonder om beledigend te raak?
4. As geregverdigde sondaars het ons die ontvangers geword van genade en die onverdiende guns van God teen wie ons gesondig het. Hoe behoort hierdie feit ons hantering van ander te beïnvloed? Hoeveel genade en guns bewys ons aan diegene wat ons verontreg het en nie eintlik genade en guns verdien nie?

